

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
26 Maart 1978

Onderwerp: Die opstanding
Paasfees

Lees: Johannes 20 verse 1 tot 18

Teks: Johannes 20 verse 5 tot 8

Sing: Psalm 33 vers 1
Gesang 144 vers 4

“Die sonde van twyfel laat ons nie los nie. Veral by die onnatuurlike dinge in ons Godsdienst, soos die opstanding van onse Here, Jesus Christus.

“Broers en Susters, is elkeen van ons vanmôre oortuig dat Jesus Christus uit die dode opgestaan het?

“Gestel iemand sou jou met die skerpsinnigheid van die duiwel op hierdie punt aanval en vir jou sê dat daar geen bewyse vir sy opstanding bestaan nie. Dat sy liggaam gesteel was. Of as hulle vir jou kom sê dat sy verskyning slegs geestelik was. Dat dit alles selfhipnose en sinsbedrog was. En só die saad van twyfel by jou saai.

“Wat sal jy sê as jy gedaag word voor ’n gehoor van uitgelese ongelowige wetenskaplikes en hulle vra konkrete bewyse?

“Dit sal ons sê! Dat Jesus se dissipels ook getwyfel het. Nie net Thomas nie, maar almal van hulle, toe hulle die boodskap ontvang het dat Jesus se liggaam nie meer in die graf was nie. Lukas het gesê dat hulle nog gewik en geweeg het.

“Petrus en Johannes het na die graf gehardloop. Daar het hulle iets in daardie graf gesien wat hulle oortuig het.

“Wat was dit?

“Dit was die doeke in die graf. Maar wat van hierdie doeke het hulle oorreed?

“Die doeke het getuig dat Jesus se liggaam nie deur rowers gesteel was nie, anders sou die doeke nie daar gewees het nie. Maar Broers en Susters, as dit op bewyskrag afkom, het die doeke se teenwoordigheid as sodanig nie veel beteken nie, behalwe miskien dat die graf leeg en die liggaam weg was. En dit het beslis ook nie die opstanding bewys nie. Ongelowiges kan buitendien met ’n teenargument kom en sê dat die

doeke met opset agtergelaat is, om die indruk van opstanding te skep.

“Saam met ander verklaarders, wil ons die oorredingskrag van die doeke in iets anders vind. Let op dat die engele se boodskap aan die vroue was: ‘Kom kyk na die plek waar die Here gelê het’. (Matt 28:6) Die klem het geval op die plek. Johannes het geskryf dat die plek waar Jesus Christus gelê het deur engele afgebaken was: ‘Maar Maria het buitekant by die graf gestaan en ween; en terwyl sy ween, buk sy na die graf toe en sien twee engele daar sit met wit klere aan, een by die hoof en een by die voete waar die liggaam van Jesus gelê het.’ (Joh 20:11, 12) Daar was dus iets te sien op die presiese plek waar Jesus gelê het. Iets wat nie met die eerste oogopslag opgemerk kon word nie.

“Johannes het eers ‘ingeloer’. Die oorspronklike Grieks sê hy het vlugtig rondgekyk. Petrus het hierna ingegaan. Die oorspronklike Grieks sê dat hy die doeke aandagtig en ondersoekend bekyk het. En toe het Johannes sy voorbeeld gevolg.

“Die hoofdoek het opgerol en apart gelê. Die ander doeke was nie afgerol en opgevou nie. Dit was nie soos doeke wat eenkant gegooi was, soos komberse as ’n mens uit die bed opstaan nie. Nee, daar op die klipplaat het die doeke in die vorm van ’n liggaam gelê. Presies soos die doeke om Jesus se liggaam gewikkel was. Die bors, die heupe en die bene was in die vorm van sy liggaam. Miskien ’n bietjie inmekaar gesak, maar soos ’n omhulsel, tog bolvormig gehou deur die speserysalf. Soos ’n handskoen waaruit ’n hand uitgetrek was. Dit het die vaste oortuiging gebring dat Jesus waarlik opgestaan het. Oorstelpende blydskap het deur Johannes gegaan. Die liggaamsgevormde grafdoeke van Jesus het sy twyfel oorkom. Hierdie grafdoeke was dus een van die mees konkrete bewyse van Jesus Christus se opstanding.

“Broers en Susters, Jesus Christus het ook met sy verskynings verdere konkrete bewyse gegee. Hy het hulle genooi om self vas te stel dat Hy vlees en been was en geen gees nie. Hulle twyfel is oorwin deur konkrete sigbare dinge soos grafdoeke; en gebraaide vis en heuningkoek wat Hy voor hulle oë geëet het. Jesus het vir die ongelowige Thomas gesê: ‘Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.’ (Joh 20:27)

“Maar wat van ons, die gelowiges van vandag? Hoe sal ons loskom van die vaagheid en wyfeling van ons

geloof? Van die gedagte dat geloof maar net 'n blinde aanvaarding is, 'n denkwyse of 'n filosofie? Is daar vir ons konkrete dinge om die twyfel te bestry dat Hy lewe?

“Daar is vandag nog tekens, duidelike tekens, van Jesus Christus se opstanding. Maar Broers en Susters, dan moet ons nie net vlugtig inloer, soos Johannes aanvanklik gedoen het nie. Wie haastig rondkyk, sien net tekens van leegheid, maar nie die tekens van die lewe van Jesus Christus nie. Ons moet noukeurig waarneem en dan sal ons die tekens vind wat 'n netso groot bewyskrag is as die doeke.

“Is dit selfhipnose en bedrog as daar mense is wat beweer dat hulle 'n wonderbaarlike en werklike gemeenskap met die opgestane Jesus Christus gevind het? Daar is mense wat só bewus is van sy teenwoordigheid, dat hulle 'n werklike ontmoeting en gesprek met Hom ervaar. Dat hulle voel hoe sy opstandingskrag in hulle vloei en sy vrede hulle in situasies meteens kalmeer. Dat hulle by tye die onverklaarbare blydschap beleef dat Jesus Christus deur sy Gees direk met hulle kontak maak. Dink maar aan Paulus op die Damakuspad toe Jesus Christus sy lewe handomkeer verander het; en die deurslaggewende invloed wat dit op die totale Christendom gehad het. Dink aan ontelbare lewens wat radikaal omgeswaai het nadat hulle Jesus Christus ontmoet het.

“Is dit alleen hoogspannings-emosie wat getuig dat Hy so werklik teenwoordig is in teleurstelling, droefheid en lyding; in sonde en versoeking; in ons hulpeloosheid, verwarring en krisis? Dat Hy so geestelik konkreet is?

“Soos die grafdoeke getuig Jesus Christus dat Hy opgestaan het en lewe. Só kan nugtere en betroubare gelowiges van Jesus Christus se konkrete teenwoordigheid getuig. Daar is in die gelowige ervaring bewyskrag wat Jesus Christus se opstanding en lewe bevestig.

“Broers en Susters, hoe is dit dan dat so baie van ons wat bely dat Hy lewe, tog nie die diepe oortuiging en ervaring hiervan het nie? Hoe is dit dan dat sommige van ons nog twyfel? Waarom dink sommige van ons dat ons nie genoegsame bewyse vir die opstanding van Jesus het nie?

“Daarvoor is daar baie redes: As jy jou van Jesus Christus onttrek, kom daar stilte tussen jou en Hom. As jy 'n godsdienstige wyfelende lewe lei, sal jy nie 'n vreugdevolle omgang met Hom beleef nie. Ook nie as

jy Godsdienstig slordig is, óf teësinig gehoorsaam is, óf verstar is in die sonde, óf die Woord van God verwaarloos, óf die vleuels van die gebed kortknip, óf die getuienis van die Gees verdring nie. Óf as jy toegewikkel is in die grafdoeke van vae algemene intellektualistiese regsinnigheid. Dan is jy nog toegewikkel in die grafdoeke van die oue mens. Dan is jou Godsdienst nog gebalsem en vasgevang in formules, sisteme en slagspreuke. Dan is jy nog vasgepen in die omhulsel van dooie begrippe wat jy self geformuleer het. Wat jy as geurige belydenisse voorhou, terwyl dit speserye is wat 'n dooie hart verberg.

“Jesus Christus se grafdoeke het getuig dat Hy lewe. So baie van ons daag daardie grafdoeke uit in ons godsdienstige verstarring en sondige verrotting. Ons wil Jesus Christus dood hou, terwille van paasjolyt met paashase en paaseiers. Dan openbaar Jesus Christus Hom nie meer aan ons as die Lewende nie. En dan begin ons twyfel, omdat ons nie ervaar wat die grafdoeke vir ons sê nie, omdat ons in ons eie grafdoeke gekluister lê en onbewus is dat Jesus Christus die fontein en stroom van lewende water is.

“O, ek kan ook weet dat Hy werklik lewe.

“Ek kan ook besiel word met uitbundigheid oor die volle lewe wat daar in Christus Jesus is.

“Die belofte dat Hy in ons is al die dae van ons lewe, geld ook uitnodigend vir my.

“Hy kan ook vir my geestelik konkreet word, as ek maar net kan uitklim uit my gebalsemde godsdienst.

“Ja, as ek biddend gehoorsaam, volhardend hierdie skakeling met Jesus Christus soek, sal die wonder ook vir my gebeur. Dan sal ek geestelik en liggaamlik opstaan uit die grafdoeke, om uitgelate die wonder van Jesus Christus se lewende teenwoordigheid te ervaar.

“Amen.”

Kommentaar:

Daar is nog 'n bewys van Jesus Christus se opstanding.

Die dissipels het nie verstaan dat Jesus Christus sou opstaan uit die dood nie en het na sy kruisiging in ontnugtering huis toe gegaan om hul ou lewens te hervat. Johannes skryf: “Want hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Hy uit die dode moes opstaan nie. En die dissipels het weer huis toe gegaan.” (Joh 20:9,10)

Hierteenoor het al die dissipels, buiten Johannes, as martelaars vir hulle geloof gesterf. Johannes het as 'n banneling op die eiland Patmos gesterf.

Wat het hierdie dissipels só besiel en laat omswaai, dat hulle hul alles daarvoor gegee het?

Dit was Jesus Christus se opstanding uit die dood.

